Towerlantern Fotografie
fotografienuus
April 2026

Kleurpaneelpalet
Sluiterspœd: 0,6 sekonde
Lensopening: f5,6; ISO: 100
Fokale lengte: 55 mm

Van ons jonger lesers mag dalk dink dat kleurfotografie vir lange eeue reeds bekend en in gebruik is. Die groot skilders van vroeë eeue het tog alreeds van kleur gebruik gemaak in hul werke. Nee, kleurfotografie het eers teen die middel van die negentiende eeu bekend geword. Ons gesels verderaan oor kleur.

Reise, en daarmee saam reisfotografie, bly 'n gewilde saak onder die meeste mense. Reis hierdie maand saam na Namibië en laat jou kamera of selfoonkamera oortyd werk.

Ons maak kleur, en kleurfotografie, ons hooftema. Jy hœf selfs nie eens foto's te neem om kleur interessant te vind nie – mœt dus nie hierdie, en ander, besprekings oorslaan nie.

"Lees met lus", om die titel van 'n skoolleesbœkreeks van ongeveer 'n eeu gelede te gebruik.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?
Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.
Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Kyk jy na 'n blom in jou tuin, dan het die kleur van die blom op 'n natuurlike wyse ontstaan. Die proses om met jou oë die blom, en sy kleur, waar te neem en te interpreteer, is ook 'n natuurlike proses. Ons hœf nie op hierdie prosesse verder in te gaan nie.

Neem jy egter 'n foto van die blom of skilder dit met water- of olieverf, dan is dit 'n mensgemaakte proses. Besef dus altyd die verskil tussen natuurlik en kunsmatig, ook gesê, natuur en kultuur.

Die voorbladfoto wys artikels wat nodig is vir so 'n kunsmatige proses – dikwels sal ons die woorde kuns en kunssinnigheid daarvoor gebruik. Let ook op na die geordendheid van die verfpanele en ook nog met benamings – dit is 'n menslike bedinksel om orde te skep. Orde, terloops, is een van die groot sake in die bestudering van talle terreine en die uitbreiding van kennis.

Die voorbladfoto en 'n foto van 'n bord kos vir 'n kostydskrif kan op 'n manier vergelyk word met mekaar – 'n hoofitem met bybehore om dit aantreklik te maak. Hou dit in gedagte by jou eie foto's Die tegniese besonderhede van die voorbladfoto is soos by die foto gegee.

2026 se foto-uitstalling

Sedert 2012, met die uitsondering van twee jaar tydens die Covid-inperking, kon Towerlantern Fotografie jaarliks 'n fisiese foto-uitstalling reël van sy studente se werke.

Ons is in die bevoorregte posisie om dit DV hierdie jaar weer te kan doen – en weer in die besondere Snowflake-gebou in Potchefstroom. Jy word nou reeds uitgenooi om hieraan deel te neem.

Neem asseblief nou reeds kennis van die volgende sake:

- Die uitstalling word beplan vanaf 25 Junie tot 17 Augustus 2026.
- Dit sal in die Snowflake-gebou in Potchefstroom wees.
- Die uitstalling sal tweeledig wees: (a) Dit sal 'n fisiese uitstalling wees en (b) daar sal ook 'n aanlyn-aanbieding wees om geleentheid te gee vir fotograwe landwyd en selfs wêreldwyd.
- Die uitstalling gee jou die geleentheid om jou beste werke uit te sœk vir vertoning. Begin dus nou reeds om foto's te versamel sodat jy later maklik die bestes uit jou bestes kan uitkies.
- Meer inligting sal later verskaf word. Dœn gerus navraag.

Towerlantern Fotografie
- april 2026 -

ONBEPLANDE EN ONBEPERKTE KUNSWERKE

Fotograwe weet dat foto's dikwels "sommer net" onbeplan gebeur. Die foto is net daar, en kan nie herhaal word nie. En dit is dalk 'n trefferfoto.

Dieselfde gebeur met skilderwerk, onder andere waar daar gebruik gemaak word van 'n kwaskladpapier. Daar is geen beplanning, geen orde, geen struktuur. En iemand anders met 'n waarderende oog sien dalk die kunswerk. Laat dit jou aanspoor om ook met jou kamera rond te "speel" – mœt dit net nie met 'n oop lens in die lug gooi en dan laat val nie!

Stofverwaaide blomme

Kleurfotografie tema & wenke

Die eerste kleurfoto, hierby afgebeeld, is geproduseer deur Thomas Sutton vir 'n lesing aangebied in 1861 deur die Skotse fisikus James Clerk Maxwell. Die driekleurmetode wat gebruik is, is reeds in 1855 deur Maxwell in 'n wetenskaplike tydskrif bekendgestel.



Eerste kleurfoto, 1861,
Tartan ribbon
Bron: Wikipedia

Dit was beslis 'n baie beskeie beginpunt van 'n baie wye nuwe fotografiegenre, naamlik kleurfotografie.

Omdat alle voorwerpe in kleur gesien word, is kleur 'n besonder sterk hulpmiddel in fotografie. Die geheim van die suksesvolle aanwending van kleur lê nie net in 'n wetenskaplike kennis van die eienskappe van indiwiduele kleure nie, maar ook in die kennis van kombinasies van verskillende kleure, en selfs ook in die sielkundige uitwerking van kleure op 'n bepaalde kyker.

Kleur kan op verskillende wyses bestudeer word, afhangende van jou belangstelling. Dit kan byvoorbeeld vanuit die oogpunt van 'n wiskundige of fisikus wees, of uit die oogpunt van 'n skilder, drukker of fotograaf.

Die natuurlike rangskikking van kleure soos dit by 'n reënboog of prismaspektrum voorkom is aan ons bekend. Vir studie- of werkdoeleindes van kleur word daar egter altyd slegs 'n eindige aantal kleure gebruik (dink byvoorbeeld aan 'n houer met kleurpotlode of 'n stel met buisies verf). Fisiese voorstellings wat algemeen gebruik word, is die bekende kleurwiel (soos hier afgebeeld), kleurdriehoek en selfs ook 'n kleurvierkant.



1: Primêre kleure
2: Sekondêre kleure
3: Tersiêre kleure

Towerlantern Fotografie
- april 2026 -

Sekere kombinasies van kleure is van besondere belang – of jy nou 'n skilder, binnenshuise versierder of fotograaf is. Ons verduidelik 'n aantal kleurbegrippe. Hou hierdie kleurwiel, of jou eie, daarvoor byderhand.

Komplementêre kleure is enige twee kleure wat teenoor mekaar op die kleurwiel staan, byvoorbeeld rooi en groen, oranje en blou, geel en violet.

Harmonieuse kleure is enige twee kleure wat naasliggend staan op die kleurwiel, byvoorbeeld geelgroen en groen, of groen en blougroen.

Kontrasterende kleure is enige drie (of meer) kleure wat reëlmatig op die kleurwiel staan, byvoorbeeld rooi, geel en blou.



Botsende kleure is enige kombinasie van kleure wat nie op 'n reëlmatige manier op die kleurwiel staan nie, byvoorbeeld rooi, oranje, blou, met nog blouviolet daarby.

Neutrale kleure is gelyke hœveelhede van die primêre kleure rooi, geel en blou gemeng. Swart en wit is die enigste ware neutrale "kleure".

Monochromatiese kleure is enkelkleurig met verskillende kleurwaardes. Die neutrale "kleure" wit en swart kan altyd bygevœg word – dit bly steeds monochromaties en sal ook nie bots nie.

Warm en kœl kleure word verkry wanneer die kleurwiel in twee gelyke helftes verdeel word met 'n reguit lyn wat tussen geel en groen aan die een kant en violet en rooi aan die ander kant gaan. Dan is die kleure aan die een kant warm kleure en aan die ander kant kœl kleure.

Towerlantern Fotografie
- april 2026 -

RIGLYNE VIR KLEURFOTOGRAFIE

VOORAF Omdat kleurfotografie sonder grense is, word slegs algemene riglyne gegee.

TIPE LENS
Enige lens
sal gœd wees.

FORMAAT
Landskap- en portretformaat is in orde, selfs ook vierkantig of rond.

ISO
Begin altyd met die laagste waarde, naamlik 100.

WITBALANS
Stel die witbalans in volgens die tipe lig (natuurlik of kunsmatig) en varieer.

FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING
Besluit op 'n fokuspunt;
hou komposisie-reëls in gedagte.

LENSOPENING
Begin met lensopening of sluiterspœd, afhangende van die situasie.

SLUITERSPOED
Gebruik dan die kamera se liniaal en stel die sluiterspœd of lensopening ooreenkomstig.

FYN FOKUSSERING
Kontroleer weer die fokussering en hou dit skerp.

Towerlantern Fotografie
- april 2026 -

GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

... na die Namibwœstyn en Lüderitz

Towerlantern Fotografie

- april 2026 -

Garubhalte, Aus, Namibië

GAAN OP REIS
saam met Towerlantern

Die reise waarop Towerlantern jou maandeliks neem, is meesal dalk “bietjie ver”. Ons wil jou dus hierdie maand na ’n baie meer bereikbare omgewing bring waarheen jy met jou motor of bakkie kan reis. Ons wil jou uit die mensdom uit wegneem na die rustigheid en stilte van die suidelike deel van die Namib-wœstyn.

Ons reis begin by Upington aan die œwer van die Oranjerivier in die Noord-Kaap. Ry van daar af weswaarts (kry jou kaart nader indien nodig), deur die grenspos by Nakop en Ariamsvlei, verby Karasburg na Grünau en dan noordwaarts na Keetmanshoop.

By Keetmanshoop draai jy weswaarts, verby Seeheim (let op die Duits, jy is nou in “Duitswesafrika”) reguit wœstyn en see se kant toe. ’n Gœie paar uur later is jy by Aus, en net buite Aus by die gasteplaas Klein Aus Vista (vanwaar jy jou eerste wœstynvistas sal sien). Hier kan jy oornag of selfs ’n paar dæ vertœf. Indien jy ’n hoë vœrtuig het, mœt jy beslis ’n uitstappie maak na Geisterschlucht (Afrikaans: *Spookkloof*), hopende dat jy sonder probleme sal terugkeer.

Die verdere weswaartse reis, na jou verposing by Klein Aus Vista, neem jou verby die vrœëre treinhalte Garub, en dan verder deur die suidelik deel van die Namib-wœstyn na Lüderitz. Jy hœf egter nie bekkommerd te raak nie – dit is in geheel teerpad (selfs al die pad van Upington af).

Ons hooffoto wys die oorblyfsel van die gebou by Garubhalte. As jy op sœk is na spoke, oorweeg dit om in jou motor of bakkie hier te oornag. In ’n sirkelvormige gebied rondom Garubhalte met straal ongeveer 15 kilometer sal daar gedurende die nag beslis geen menswesens wees nie; jy is bitter alleen.

As jy ’n seilplankryer is, of graag daarna kyk, gaan dan na die volgende video (draai klank af) : https://acesse.one/Bl86c

Towerlantern Fotografie
- april 2026 -

Hou beslis jou oë vir spoke oop!

Lüderitz, by die see, het 'n karakter en sjarme van sy eie. Bly ook hier 'n paar dæ oor – jou hoofdœl is immers foto's. Op pad hierheen sou jy by die spookdorp Kolmanskuppe (Afrikaans: *Kolmanskop*) verbygery het. Dit is die bekende spookdorp in die suide van Namibië en is beslis 'n besœk werd. Beplan egter 'n hele dag of minstens 'n halfdag hiervoor, met fotografie in gedagte. Jy kan ook 'n reis na die berœmde Bogenfels (Afrikaans: *Boogrots*) oorweeg.

Behalwe vir Kolmanskop en Bogenfels in die omgewing, is Lüderitz self ook nog vir 'n verskeidenheid sake bekend. Hieronder tel Diazpunt, Halifax-eiland en die kilometer-lange mensgemaakte seebaan vir seilplankry (Engels: *windsurfing*).

Om alles te kroon is daar die geboue in die Duits-koloniale / art nouveau argitektuurstyl. Dié word veral uitgebeeld deur die bouwerk van die Gœrke Haus (Afrikaans: *Gœrke-huis*) teen Diamantberg en die Felsenkirche (Afrikaans: *Rotskerk*). Vœg

Bogenfels (locationscout.net)

Konzert und Ball-saal (links voor), Gœrke Haus (bo links), Felsenkirche (bo regs)

hierby ook nog die Konzert und Ball-saal in die middedorp en jy het drie treffers vir 'n foto.

Maar, hier kom die foto-uitdaging: Probeer om hierdie drie geboue in een foto in te pas. Die foto hierby wys hœ. En as jy eendag in Lüderitz kom, gaan sœk die plek vanwaar jy die foto kan neem en stuur die foto vir ons. (Hierdie skrywer het die toneel voor die tyd op 'n foto gesien en dit tœ self gaan sœk.)

Geniet hierdie reis, dis vol fotomoontlikhede. Laat alles jou betower, die karakter, die afgesonderdheid, die wœstyn, alles. Ook die Namib; klim selfs 'n duin uit en draf dit af. Wees egter gewaarsku, as jy terug is in ons mooi land, gaan jy engtevrees ervaar; meer nog, jy gaan 'n wrewel in jou gemœd ontwikkel by die lees en aanhoor van al die negatiewe nuusberigte.

Die Namib en Lüderitz bekruip jou en is mœilik om uit jou gestel uit te kry.

Visuele vreugdes

Iemand mag vra: Wat word bedœl met visuele vreugdes? Daar mag dalk ingewikkelde verduidelikings gegee word, maar Towerlantern volstaan met die eenvoudige antwoord: Dis een van jou eie foto's wat vir jou plesier gee wanneer jy daarna kyk.

Een van die eerste moontlikhede waaraan jy dalk kan dink, is 'n mooi kleurvolle landskap of blomtuin of sonsondergang. Natuurlik is dit reg so, maar daar kan ook ander soorte vreugdes wees, soos muurskilderye, plaaswerktuie of 'n meganiese ratstelsel. Op 'n lær vlak wys die foto van 'n outydse naaldwerkmasjien hierby so iets.

Kyk jou foto's deur en stuur vir ons 'n foto of twee wat vir jou visuele vreugde verskaf.

Al werkende



"KYK" EN "SIEN"

- Josef Steyn

Ek stuur hierdie foto aan wat ek gemaak het om aan die lede van ons plaaslike fotoklub in Stilbaai die verskil van “kyk” en “sien” te illustreer. Lees op die volgende bladsy verder.

"KYK" EN "SIEN"

As mens oppervlakkig na die foto kyk is dit net maar 'n toneeltjie wat by kerslig afgeneem is. As 'n mens egter dieper kyk kom die volgende na vore:

- Die sinnetjie word meestal deur die kyker gelees as: "The story of my life is written". Dit is egter nie wat daar staan nie. Die laaste woord is nie voltooi nie en die woord "writt...." verdwyn in 'n gekrabbel wat nie meer letters bevat nie. Dit behoort die kyker te laat aflei dat die outeur se krag opgeraak het of dat hy dalk op hierdie stadium gesterf het.
- Die potlood is kort en bykans opgebruik en boonop is sy punt gebreek en kan dus nie verder skryf nie. Dit versterk die gedagte aan die kragteloosheid van die skrywer.
- Die letters van die sin begin as groot en sterk (soos 'n jong mens) maar word geleidelik kleiner totdat dit heeltemal opraak. (Dis nou 'n ou mens.)
- Ander dinge wat die beeld van die einde van 'n lewe versterk is die læ lig (min energie), die vuurhoutjie wat reeds dood is en die kersie wat amper uitgebrand is.
- Die stapel papiere van die manuskrip dui op 'n lang lewe maar een wat dalk nie baie georganiseerd was nie.

Die foto het sy oorsprong by die tema vir een van ons vergaderings. Ons leier het gesê "Die tema vir volgende keer is *Pencil*. Elke lid mœs dus dink hœ hy die tema sou benader. Ek het hierdie foto as temafoto gewys.

HOEKOM LOOP PAASSONDAG ROND?

Alle vakansiedæ in Suid-Afrika, van Nuwejaarsdag tot Kersdag, is op vaste datums, maar Paassondag, en dus Paasnaweek, is nie vas nie. Waarom? Die verklaring is baie interessant.

In die jaar 325 nC het die Sinode van Nicea (Iznik in moderne Turkye) bymekaargekom. Daar was verskeie besprekingspunte, hoofsaaklik om wêreldwyd eenheid in die destydse Christelike kerke te bewerkstellig.

Een saak was die viering van Paassondag. Dit mœs alle Christelike kerke insluit, ook Joodse Christene wat van 'n maankalender gebruik gemaak het (soos ons in die Bybel lees), teenoor die Romeinse sonkalender.

Die besluit was die volgende (effens vereenvoudig):

- Begin by die Maart-ewening (lente in die noordelike halfrond), naamlik 21 Maart (onthou die sonkalender).
- Bepaal die eerste volmaan daarna (onthou die maankalender).
- Benœm die eerste Sondag daarna Paassondag.

Hierdie reëling geld nou al vir 1 700 jaar! Die kans is klein dat dit in jou leeftyd gaan verander. En, vir fotograwe, die volmaan is vanjaar, soos elke ander jaar, net voor Paassondag, gereed om gefotografeer te word..

OM KAJAKKE TE VANG ...

Josef Steyn, Stilbaai

Die afgelope week het ek foto's geneem by Stilbaai se jaarlikse kajak visvangkompetisie. Dit was baie uitdagende tœstande want hulle het weggespring so teen 05:30 tœ dit nog donker was.

Meestal was dit nodig om 'n ISO van 10 000 te gebruik. My lens was so wyd oop as moontlik, naamlik f4, en ek kon dan slegs 'n sluiterspœd van 1/50 sekonde verkry.

Daar was 'n klein bietjie lig van die haweligte maar dele van die foto's was dus meestal baie onderbelig en ek mœs in redigering heelwat lig byvœg om te kry wat ek graag wou hê.

Die læ lig en die hoë ISO het natuurlik heelwat ruis tot gevolg gehad. Dit kon ek tot 'n groot mate uitskakel deur Photoshop se AI *noise reduction* te gebruik.

Ek beskou die meegaande foto as my beste een van die oggend.

DEEL JOU FOTO'S

Ons ontvang graag foto's van lesers om in ons nuusbrief te deel. Het jy onlangs 'n interessante foto-avontuur gehad, of 'n mœilike tegniek bemeester? Vertel ons daarvan! Stuur 'n e-pos na johan@towerlantern.co.za

GRONDPAD-BERGPASSE

Swartbergpas tussen Prins Albert en Oudtshoorn

Wanneer daar gesels word oor Suid-Afrikaanse passe, in die besonder passe van die Suid-Kaap, dan is daar die name van twee pasbouers wat bo almal uittroon. Dit is die name van pa en seun, Andrew Geddes Bain (1797-1864) en Thomas Charles John Bain (1830-1893).

Agt poorte en passe in Suid-Afrika is die werk van Andrew Bain, waaronder Oubergpas (sien Fotografienuus, Februarie 2026, vir 'n beskrywing van hierdie pas), Bainskloofpas en Houwhœkpas.

Negentien poorte en passe is die bouwerk van Thomas Bain, waaronder, behalwe die Swartbergpas, ook nog onder andere Meiringspoort, Seweweekspoort en Tradouwpas.

Die Swartbergpas tussen Prins Albert en Oudtshoorn is 'n pas wat uitsonderlik gewild geraak het onder pasliefhebbers. Vanaf Prins Albert se kant af is die eerste paar kilometer, wat redelik gelyk is langs die Dorpsrivier, ontwerp en gebou deur ene John Tassie. Hy het egter bankrot gespeel en die pas is verder deur Thomas Bain gebou en in 1888 voltooi. Die foto's hierby is geneem in hierdie gedeelte.

Towerlantern Fotografie

- april 2026 -

Dorpsrivier met rotse

Die volgende beskrywing gee 'n gœie idee van die pas (wat ter wille van noukeurigheid in Engels behou word): "The Swartberg Pass is for many South Africans the rubicon of gravel road passes. There are an allure and a mystique around this old pass, coupled with its status as a national monument, which elevates the pass to the very top of the list."

Gaan op 'n kort reis deur hierdie mooi pas (blaai af deur die teks na die video):
https://ralphpina.com/2024/06/swartberg-pass-over-the-years/

Towerlantern Fotografie
- april 2026 -

OP INTERNET GESIEN

David LaChapelle is een van die bekendste fotograwe van die laaste paar dekades. Hy neem al foto's vanaf die 1980's en behalwe dat hy heelwat bekendes afgeneem het, het hy ook ander interessante komposisies.

Daar is tans 'n terugblik-uitstalling van sy werk in die Orlando Museum van kuns, met amper 200 van sy beste foto's.

Die foto hierby word genœm "Collapse in a garden".
Lees meer hieroor by: https://mymodernmet.com/david-lachapelle-as-the-world-turns-interview/

OP INTERNET GESIEN

Mens sien soveel interessante dinge as jy net bietjie rondkyk. Maak 'n tema van iets wat jou aandag trek, soos hierdie voorbeeld van voordeure. Jy kan selfs 'n collage maak en dit laat druk en raam. Die voorbeeld is gesien op https://doors.sidewalksafari.com/doors-of-amsterdam/

FOTO-*idees*

Ons plaas maandeliks 5 of 6 foto's in Fotografienuus wat dien as idees vir jou as fotografie-liefhebber om na te dœn. Jy kan jou gewone kamera of selfoonkamera daarvoor gebruik. As jy vœl jy het met so iets gœie sukses behaal, stuur dan gerus van jou foto's vir ons vir plasing in Fotografienuus.

Towerlantern Fotografie

- april 2026 -

FOTO-*idees*

Idee 1: Kies 'n enkele onderwerp (dit kan wissel van iets klein soos 'n blom tot iets groot soos 'n motor of bak-kie) en neem foto's vanuit verskillende hœke.



Towerlantern Fotografie

- april 2026 -

FOTO-*idees*

Idee 2: Pluk 'n blom in jou tuin, plaas dit in 'n houer en neem foto's daarvan van die sykante af.

Towerlantern Fotografie

- april 2026 -


FOTO-
idees
Idee 3: Neem abstrakte blomfoto's van blomme uit jou tuin.
Towerlantern Fotografie
- april 2026 -

FOTO-*idees*

Idee 4 : Gebruik 'n makrolens of zœm ver in om klein onderdele van blomme te fotografeer.

FOTO-idees

Idee 5: Klim met jou kamera onder 'n blom in, of keer dit om, en neem foto's met klem op die onderkant van die blom.

Towerlantern Fotografie

- april 2026 -

Mini-galery

Ons gee maandeliks aan ons lesers geleentheid om van hul beste foto's vir publikasie te stuur en om só iets van hul fotografie-lewe met almal te deel. Hiermee word jy uitgenooi om foto's vir ons te stuur.

Ons stel die volgende as algemene riglyne:

- Stuur 10 van jou beste foto's in met grootte ongeveer 500 kB elk. Daaruit sal 'n keuse van tot 6 foto's vir publikasie gemaak word.
- Kies die foto's só dat dit ongeveer dieselfde tema het. Die tema kan wyd wees – daar is geen beperking op die fotomateriaal nie.
- Indien nodig, verkry skriftelik toestemming vir die plasing van mensfoto's in Fotografienuus.
- Stuur 'n beskrywing van ongeveer 200-250 woorde oor enige aspek rakende die foto's of jou persoonlike belewing daarvan.

VAN TUANETTE JOHNSTON (FOCHVILLE)

Attached are a few photos of Snowflake and a story that I thought might suit the photos.

The old door had a way of speaking. Its metal latch – worn smooth by decades of hands – clicked with a quiet familiar sound every morning. The metal carried the faint memory of rust and if you looked closely enough, you could almost imagine all the people who had pushed that door open before. Workers with tired hands and artists with paint on their sleeves.

Dreamers searching for a quiet corner of the world. Inside the room smelled like wood and sunlight. A long wooden counter ran beneath the tall windows, lined with stools that had seen better days. Their fabric seats were faded and soft from years of use, their metal arms bent slightly from the weight of conversations, laughter and silent afternoons.

This was not a busy place anymore, but people used to sit there with notebooks, cups of coffee and ideas that seemed too big for the room. Some came every day, others only once, leaving behind a quiet echo of their presence in the grain of wood. Sometimes when the afternoon light fell just right across the room, it almost looked as if someone had just stood up for a moment, ready to return and finish the story they had started.

Tuanette Johnstone
Artisans nook of the old mill

Mini-galery

Tuanette Johnstone
Mellow mill lounge

Mini-galery

Tuanette Johnstone
Old mill's soul reborn in painted-splatter

Mini-galery

Tuanette Johnstone
Pœtic vintage counter vibes

Mini-galery

Tuanette Johnstone
Aged blue-rust sculpture

Mini-galery

ons hoor graag van ons *lesers*

Ek verwonder my daaraan dat jy nog so getrou jou nuusbriewe uitstuur. Dit is elke keer 'n klomp werk en dit vra vir noukeurige beplanning om relevant te bly. Jy kry 'n veer in die hœd daarvoor.

JOSEF STEYN, STILBAAI

VERWYSINGS EN BRONNE

Grondpadbergpasse

- Wikipedia vir Bains en Swartbergpas (Afrikaans en Engels).

Suidelike Namib, reis:

- https://www.youtube.com/watch?v=1Z_ciiJMrAU

Towerlantern Fotografie
- april 2026 -